**10 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 20:1-16**
**Fokusgedeelte: Matteus 20:16**

**Werk in die koninkryk om laaste te kom!**

Die wêreld waarin ons leef, stel prestasie baie hoog op prys. Mense werk dikwels met net een doel, naamlik om die grootste bonus te verdien, die vinnigste bevorder te word. Mense beoefen sport om te wen, om die beste te wees.

Met die gelykenis in ons teksgedeelte maak Jesus dit duidelik dat dit in sy koninkryk anders is. As burgers van sy koninkryk moet ons ook hard werk, net so hard soos die wêreld in sy najaag van prestasie (sien 25:14-46). Maar die doel waarmee ons dit doen, is geheel en al anders: ons werk in Jesus se koninkryk om laaste te kom, nié eerste nie!

Die eienaar van die wingerd gaan vroeg in die môre uit om arbeiders te huur. Hy kom met hulle ooreen om die gewone dagloon te betaal. Deur die loop van die dag neem hy nog arbeiders in diens – om nege-uur, twaalfuur, drie-uur en vyfuur. Toe dit tyd word om die arbeiders te betaal, word almal die volle dagloon betaal. Die arbeiders wat vroeg in diens geneem is, voel ingedoen, want hulle kry nie meer as dié wat net een uur gewerk het nie. Hulle het mos beter presteer en daarom het hulle meer vergoeding verdien!

Jesus leer ons dat om die beste te wees, eerste te wees, te wen, in sy koninkryk van geen waarde is nie. Want sy genade is presies dít – genade, ’n geskenk wat jy nie kan verdien nie. Hy gee dit vir almal wat in Hom glo. En daarom is die eerstes laaste, en die laastes eerste. Die misdadiger aan die kruis was op sy laaste, maar hy het saam met Jesus die paradys ingegaan.

Hoekom werk jy in Jesus se koninkryk? Om eerste te kom? Jesus sê: “Nee! Werk in my koninkryk, maar werk om laaste te kom!”

*Sing: Psalm 75:1, 3 (2001)* *Dr. H Goede (Vereeniging-Oos)*